Sien jy dit ook? | 30 April 2023 | Ds. PC Pretorius

pc@moreleta.co.za

Inleiding

Die lewe is vir baie mense sonder enige hoop. Selfs as gelowiges is dit vir ons soms moeilik om in onstuimige omstandighede positief te wees oor die toekoms. Met alles wat rondom ons aangaan, is daar soveel dinge wat ons moedeloos maak waaroor mense praat. Dit is amper onmoontlik om deur 'n gesprek te gaan en nie iets negatief te hoor nie. Wat is ons werk as koninkryksburgers in tye waar ons sukkel om die hoop raak te sien om ons? Kom ons gesels as groep daaroor.

Wenke vir leier

Maak seker dat daar elke week verantwoordbaarheid in die groep is oor wat die Here vir elkeen sê.
Vra jou kring uit oor wat die Here tans in hul lewens doen.

Lees saam

Hebreërs 10:19-25
Laat ons met vrymoedigheid na God gaan
19Broers, ons het dus nou deur die bloed van Jesus vrye toegang tot die heiligdom, 20en dit op 'n weg wat nuut is en na die lewe lei. Hierdie weg het Hy vir ons gebaan deur die voorhangsel heen, dit is deur sy liggaam. 21En terwyl ons Hom ook as groot priester oor die huis van God het, 22laat ons tot God nader met 'n opregte hart en met volle geloofsekerheid. Ons harte is immers gereinig van 'n skuldige gewete, en ons liggame is gewas met skoon water. 23Laat ons styf vashou aan die hoop wat ons bely, want God is getrou: Hy doen wat Hy beloof het. 24Laat ons ook na mekaar omsien deur mekaar aan te spoor tot liefde en goeie dade. 25Ons moenie van die samekomste van die gemeente af wegbly soos party se gewoonte is nie, maar mekaar eerder aanmoedig om daarheen te gaan, en dit des te meer namate julle die oordeelsdag sien nader kom.

Gesels saam

1. Hoe sou jy vir iemand vers 23 se hoop verduidelik?
2. Hoe sou die Here hoop kan kweek in en deur jou in ons land? (Ten spyte van negatiewe omstandighede om ons?)
3. Wat leër Hebreërs 10:19-25 vir ons oor God die Vader, Seun of Heilige Gees?

Doen saam

1. Waaroor het die Here met my gepraat in hierdie Skrifgedeelte waaraan ekself prakties in moet aandag gee? (INWAARTS)
2. Hoe gaan ek hierdie week vir mense rondom my tot seën wees? Wat het ek uit hierdie Skrifgedeelte ontdek wat ek prakties moet gaan doen? (UITWAARTS)

Bid saam

Die Delta week (Pinkster) by Moreleta Kerk is 'n groot gebeurtenis waar ons die Here vertrou om op prominente manière sy Gees uit te stort op die gemeente soos wat Hy gedoen het vir Sy dissipels.
1. Bid dat die Here julle kring se harte in eenheid sal bind om 'n groot verwagting te koester van wat die Here gaan kom doen in Pinkster.
2. Gee vir elke persoon in die kring die geleentheid om 'n "big faith" gebed te bid in afwagting vir Delta week. Groot geloof is aanneemlik vir God. Kom ons bid groter gebede oor mekaar se lewens en oor die kerk.

Leer meer / kyk weer

Kliek hier

Kliek hier om weer te kyk.

Navrae

kringe@moreleta.co.za
012 997 8100

Algemene info
info@moreleta.co.za
012 997 8000

Bid saam

Gebedsversoeke - 076 351 8383
gebed@moreleta.co.za

Hulp?

Berading - Moreleta Wholeness Sentrum
wholeness@moreleta.co.za
012 997 8035